LAERSKOOL P A M BRINK

Posbus 13235, Geduld 1562
Tel : (011) 811-1880/1
Faks : (011) 811-1882
E-pos : pambrink@absamail.co.za

Omsendskrywe 1/2019 9 Januarie 2019

Geagte Ouers/Voogde,

Baie welkom terug, veral ons nuwe leerlinge van Graad 1 – 7. Hoop julle voel gou deel van die Pammie familie.

SKOOLURE

Graad RR, R en 1 : 7:25 – 12:00 **(Slegs 9, 10 en 11 Januarie)**

Graad RR & R : 7:25 – 13:00
Graad 1 – 2 : 7:25 – 13:10 **(Leerders wat nie betyds afgehaal word nie, sal by die wagklas wag tot en met 13:45)**
Graad 3 – 7 : 7:25 – 13:45

Vrydae verdaag die hele skool om 13:10. **Geen ouer by klasse nie asb**.

GEDRAGSKODE
'n Gedragskode is beskikbaar by die skool vir ouers wat onseker is oor die skoolreëls bv. hare, skooldrag ens. Gedragskodes is die riglyn van wat van leerders by die skool verwag word. Daar sal tydens die 1ste oueraand verder inligting verskaf word.

KLASVERSKUIWINGS
Ons werk op 'n Departementele Administrasie sisteem (SASAMS). Om leerders te skuif sal slegs na oorweging van die skoolbestuur geskied.

KONTAKTYD
Indien u graag 'n personeellid wil sien, skakel die kantoor. Tye sal gereël word wanneer die personeel beskikbaar is.

KWARTAALROGRAM
Die kwartaalprogram is aangeheg. Die belangrikste datums is ook op die kommunikeerder beskikbaar. Indien daar veranderinge plaasvind, sal u vroegtydig in kennis gestel word.

WISSELTROFEES
Hierdie trofees kan teruggestuur word skool toe.

EREROL
Indien u kind provinsiale kleure verwerf het, gedurende 2018, moet u asb. voor Vrydag, 18 Januarie vir Me. Louwrens die nodige bewyse stuur. U kind se prestasie sal op die ererol in die saal aangebring word.

SEKURITEIT
Sodra die skool begin om 7:25, word hekke gesluit. Laatkommers moet deur die kantoor inteken.

Indien u leerders vroeg kom haal, word bewyse deur middel van 'n ID of bestuurslisensie verlang. Geen leerder sal toegelaat word om deur 'n minderjarige uitgeteken te word nie.

Geen ouers by klasse, sonder toestemming vanaf kantoor, gedurende skoolure nie.

OUERAAND
Vind plaas Donderdag, 17 Januarie om 18:00. Ouers vergader in die skoolsaal en daarna sal u na die klasse kan beweeg.

SKOOLKLERE
U kan al u kind se skoolklere by Xtreme Edge aankoop.

Besonderhede : Kontaknommer – 082 487 7965
Adres – 10B Bulwer Straat, Geduld Ext

Beskikbaar : 08:00 – 16:00 (Maandag – Donderdag)
09:00 – 11:00 (Saterdag)

Die Gr 7 – dogters mag die seniordrag dra. (rompies + wit hemde)
Haarrekkies vir die dogters kan by Me Swiegers aangekoop word teen R20.

ATLETIEKUITDUNNE
Vind Vrydag, 11 Januarie gedurende skooltyd plaas. Dit is by die skool en nie by die sportgronde nie. Tasse word saamgebring. Kinders kom skool toe met gemaklike klere. Geen ouers by die uitdunne nie (skoolure).

D6-KOMMUNIKEERDER
Alle datums is beskikbaar op die kommunikeerder. Die D6 Kommunikeerder is 'n program wat op u slimfoon of rekenaar afgelaai kan word vanaf www.school-communicator.com/downloads of vanaf die "Play Store" op u slimfoon. Dit is 'n liggewig program en behoort geen invloed op u slimfoon of rekenaar te hê nie. Dringende boodskappe (Alerts) word dadelik op die kommunikeerder geplaas.

KOPLUISE
Die teenwoordigheid van kopluise is 'n algemene probleem in skole en Onderwysinrigtings.

Dit is die verantwoordelikheid van elke OUER/VOOG om te verseker dat u kind nie besmet is nie en die nodige beheermaatreëls te tref waar besmetting wel plaasvind.

Onbehandelde besmette gevalle dra nie net by tot die vespreiding van die luise nie, maar veroorsaak ook 'n verleentheid of vernedering vir die kind, aangesien mede leerlinge geneig is om so 'n kind te probeer vermy.

Doen gereelde inspeksies van die kind se kop, om te verseker dat die luise en eiers (nete) vernietig is en die kop vry bly van luise.

Ouers sal gekontak word om u kind te kom haal, sodat die probleem aangespreek kan word.

SKOOLGELDE

Graad RRR - R	: R7 800	R650 per maand oor 12 maande
Graad 1 – 7	: R7 200	R600 per maand oor 12 maande

Verskillende betalings opsies is beskikbaar. U kan navraag doen by die kantoor.

Skoolgelde is verpligtend volgens die SA Skolewet, Wet 84 van 1996. Daar kan wel vir subsidie aansoek gedoen word by Me Pieterse, (011 811-1880) indien u kwalifiseer.

Direkte bankbetalings kan gemaak word na:

Bank : ABSA
Rek Nr : 01077010161
Takkode : 501-642
Verwysing : Leerling Naam en Van / Rek nr.

Baie dankie ouers. Ons sien daarna uit, as personeel en beheerliggaam, om 2019 'n sukses te maak.

MNR A JANSEN VAN RENSBURG
SKOOLHOOF